

Hersiening Inoefening Vaslegging
Graad 5 – Kwartaal 1 – Werkopdrag 1 – 2024

Waarde en plekwaarde; uitgebreide notasie; lees en skryf heelgetalle; afronding; aantal en terugtel; stygende en dalende orde

Die inhoud van hierdie materiaal is volgens die Jaarlikse Onderrigplan van die Departement van Basiese Onderwys 2024.

1. Afdeling A – Waarde en plekwaarde:



Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. Ons gebruik die tiendelige stelsel:

DUISENDE	HONDERDE	TIENE	ENE
1 000	100	10	1
2	3	4	5

LEER!!!

Die getal in groen lees: Tweeduisend driehonderd vyf en veertig

- Die waarde [HOEVEEL is die GETAL] van die 2 in die getal is $2 \times 1\,000 = 2\,000$.
- Die waarde [HOEVEEL is die GETAL] van die 3 in die getal is $3 \times 100 = 300$.
- Die plekwaarde [POSISIE] van die 4 in die getal is 4 tiene of T (naam van kolom).
- Die plekwaarde [POSISIE] van die 5 in die getal is 5 ene of E (naam van kolom).
- Net enkelsyfergetalle 0 tot 9 word in elke kolom gebruik.

Voltooi die tabel oor waarde en plekwaarde: [Gebruik die onderstreepte syfers.]

1.1

Getal	1 <u>4</u> 7	5 <u>9</u> 9	7 <u>5</u> 87	<u>8</u> 346
Waarde	40			
Plekwaarde	Tiene/T			

2.

1.2 Skryf die getal wat in elke diagram voorgestel word:

D	H	T	E
X	X	X	X
X	X	X	
	X		
	X		

D	H	T	E
X	X		X
X	X		X
X			X
X			

D	H	T	E
X	X	X	X
	X	X	X
	X	X	
		X	
		X	

_____ (3)

2. Afdeling B – Uitgebreide notasie:

Wiskunde-woordekat en -kennis!!!

1. Bereken die enkelsyfers se waardes en tel dit bymekaar.

VOORBEELD: $5\ 473 = 5\ 000 + 400 + 70 + 3$

of

$5\ 473 = 5$ Duisende ($5 \times 1\ 000$) + 4 Honderde (4×100) + 7 Tiene (7×10) + 3 Ene (3×1)

2. Onthou om altyd + (plustekens) te gebruik.

LEER!!!

Skryf die volgende getalle in uitgebreide notasie:

2.1 $568 =$ _____ (1)

2.2 $394 =$ _____ (1)

2.3 $7\ 609 =$ _____ (1)

2.4 $5\ 842 =$ _____ (1)

Skryf die volgende getalle neer:

2.5 $300 + 90 + 2 =$ _____ (1)

2.6 $800 + 0 + 7 =$ _____ (1)

2.7 $2\ 000 + 500 + 70 + 9 =$ _____ (1)

2.8 $5\ 000 + 800 + 0 + 2 =$ _____ (1)

3.

3. Afdeling C – Lees en skryf heelgetalle:

Lees die volgende getalle hardop:

432; 1 097; 3 753; 5 601

Skryf die getalle in woorde:

3.1 567 _____ (1)

3.2 4 063 _____ (1)

3.3 6 994 _____ (1)

Skryf die volgende woorde as getalle:

4.1 Seshonderd agt en dertig _____ (1)

4.2 Tweeduisend eenhonderd en sewe _____ (1)

4.3 Seweduisend seshonderd en vyftig _____ (1)

4. Afdeling D – Afronding tot die naaste 10 en 100:

LEER!!!

Wiskunde-woordeskaf en -kennis!!!

1. Afronding tot 10 → VOORBEELD: 16 afgerond tot die naaste 10:
Kyk na die enesyfer → die enesyfer is 6.
Die syfer 6 is 5 en meer → die antwoord is die volgende veelvoud van 10.
16 afgerond tot die naaste 10 is 20.
2. Afronding tot die naaste 100 → VOORBEELD: 124 afgerond tot die naaste 100
Kyk na die tiensyfer → die tiensyfer is 2.
Die syfer 2 is minder as 5 → die honderdesyfer bly 100.
124 afgerond tot die naaste 100 bly 100.

Voltooi die volgende tabel:

5.

Afgerond tot die naaste	10	100
473		
529		
2 554		
5 190		

(8)

4.





6. Afdeling E – Aantel en terugtel:

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. 'n Getallelyn is 'n lyn bestaande uit getalle.
2. Bepaal eers die interval.
3. Bepaal dan of die getalle groter of kleiner word.
4. Bereken dan die ontbrekende getalle.

LEER!!!

Voltooi die getallelyne:



Bereken die volgende:

6.5 2 meer as 999 = _____ (1)

6.6 10 meer as 799 = _____ (1)

6.7 50 meer as 5 789 = _____ (1)

6.8 5 minder as 604 = _____ (1)

6.9 100 minder as 3 005 = _____ (1)

6.10 100 meer as 4 698 = _____ (1)

7. Afdeling F – Stygende en dalende orde:

Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!

1. Stygende orde beteken van klein na groot: [121; 133; 146; 159]
2. Dalende orde beteken van groot na klein: [2 186; 2 179; 2 156; 2 132]
3. Die simbool < beteken kleiner as: [412 < 421]
4. Die simbool > beteken groter as: [963 > 9 59]

LEER!!!

5.

Skryf die getalle in stygende orde:

7.1 4 531; 4 513; 4 135; 4 315; 4 153; 4 351

(1)

Skryf die getalle in dalende orde:

7.2 7 279; 7 972; 7 927; 7 729; 7 792; 7 297

(1)

Vul in < of >:

7.3.1 2 124 _____ 2 142

7.3.2 1 520 _____ 1 502

7.3.3 5 471 _____ 5 147

7.3.4 8 991 _____ 8 999

(4)

Kritiese denke en probleemoplossing

8. Wat van hierdie UITDAGING!!!

Skryf die getalle 1 tot 13 in die wit vierkante, een getal in elke vierkant, sodat die totaal horisontaal en vertikaal elke keer is soos deur die pyltjies aangedui. Jy mag elke getal slegs een keer gebruik. Die getalle 1; 2; 3; 5 en 6 is reeds gebruik!!!

	↓	↓	↓	↓	↓	↓
→	3					22
→		5				12
→			2			19
→				6		14
→					1	24
→	18	13	23	13	24	

9. Bereken die ontbrekende getalle:

$$\begin{array}{r} \underline{\quad} \quad 9 \quad 4 \\ 2 \quad \underline{\quad} \quad 7 \\ 9 \quad 6 \quad \underline{\quad} \end{array}$$